HANDVES VIR HOëRSKOOL HEIDELBERG REGTE
vir gr. 4 – 12-leerders

DIE GIDS VIR LEERDERGEDRAG

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no. 84 van 1996 en Staatskoerant van 15 Mei 1998) verplig die daarstelling van 'n gedragskode vir leerders wat in oorleg met leerders, ouers, opvoeders en 'n beheerliggaam aanvaar moet word. Die gedragskode is afdwingbaar. Die leerders, ouers en personeellede moet op hoogte wees van die kode en dit moet in hulle besit wees. Ouers moet 'n erkenning van ontvangs onderteken.

MISSIE VAN DIE SKOOL

Ons strewe binne 'n Christelike raamwerk na uitnemendheid deur effektiewe onderrig op akademiese, kulturele en sportgebied. Ons wil deur samewerking en betrokkenheid tussen ouer, leerder en leerkrag, 'n ordelike gedissiplineerde omgewing daarstel waar elke leerder sy volle potensiaal kan bereik. Die einddoel is om jong volwassenes as wenners op alle terreine, die gemeenskap te laat betree.

Geloofsvryheid word by Hoërskool Heidelberg gewaarborg.

1. INLEIDING

Hierdie gedragskode is opgestel deur die ouers, leerders en opvoeders van Hoërskool Heidelberg.

Dit is die geregtelike/wetlike plig van hierdie liggaam om die gedragskode te implimenteer/toe te pas om te verseker dat die skool doeltreffend bestuur word en dat dissipline gehandhaaf word. Verder kan die gedragskode jaarliks hersien word.

2. WETLIKE RAAMWERK/DEFINISIES

2.1	Kode:	'n Stel reëls om inkonsekwentheid te voorkom.
2.2	Gedrag:	Die wyse van optrede en die hantering van ander
2.3	Gedragskode:	Algemene riglyne vir die optrede van leerders soos gestipuleer in die SA Skolewet van 1996, Seksie 8.
2.4	Leerders:	Soos gedefinieer in die SA Skolewet van 1996 (ix). Met ander woorde 'n ingeskrewe leerder van Hoërskool Heidelberg
2.5	Ouers:	Soos gedefinieer in die SA Skolewet van 1996(xiv).
2.6	Opvoeders:	Soos gedefinieer in die Wet op Indiensneming.
2.7	Alkohol:	Alkoholiese Drank.

3. BEPALINGS VAN DIE WET

3.1 Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

3.2. Daar mag nie regstreeks of onregstreeks onbillike diskriminasie teen iemand op een of meer gronde, met inbegrip van ras, geslag, swangerskap, vigs, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte wees nie.

3.3 Elkeen het ingebore menswaardigheid en die reg om daardie waardigheid te respekteer en te beskerm.

3.4 Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe, die reg om vry te wees van alle vorme van geweld, op geen wyse gemartel te word nie, en nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

3.5 Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe, die reg dat hul eiendom nie deursoek word nie en daar nie op hul besittings beslag gelê mag word nie. (Sien huishoudelike reëls vir uitsondering)

4 DOEL EN BELANGRIKHEID VAN GEDRAGSKODE

4.1 Om 'n gedissiplineerde en doelgerigte/doelmatige skoolomgewing/leeromgewing te bevorder.

4.2 Om die sosiale/gemeenskapsgerigte verantwoordelikhede van die skool te bevorder deur leerders toe te rus met bekwaamheid, kennis en vaardigheid.

4.3 Om leierskap- en positiewe karakter-eienskappe by leerders te ontwikkel.

4.4 Die gedragskode moet die optrede van die leerders rig, asook diegene wat verantwoordelik is vir hulle optrede in die skool.

4.5 Dit moet lei in die rigting van versoening. Onderrig, leer, wedersydse respek (sluit nie-KS Opvoeders in) en die vestiging van 'n kultuur van verdraagsaamheid en vrede in die skool.

4.6 Alle leerders **moet** voldoen aan die vereistes van die Gedragskode anders verbeur hulle die reg om die skool by te woon.

4.7 Om positiewe dissipline en selfdissipline te bevorder.

5 VERPLIGTINGE

5.1 Elke individu het die reg om sy/haar volle potensiaal te ontwikkel.

5.2 Elke leerder sal gelyke behandeling ontvang voor die wet.

5.3 Elke leerder sal die inherente menswaardigheid van ander respekteer.

5.4 Elke leerder sal die oortuigings en kulturele tradisies van ander respekteer.

5.5 Geen lyfstraf sal aan 'n leerder toegedien word nie.

6 REëLS VIR INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS IN DIE SKOOL

6.1 Leerders moet met **hoflikheid en verdraagsaamheid en respek teenoor** ander optree.

6.2 Leerders moet hulle weerhou **van aggressiewe en onaanvaarbare** gedrag.

6.3 Leerders moet altyd in **belang van Hoërskool** Heidelberg handel.

6.4 Leerders moet **gesag, eerlikheid en waarheid** respekteer.

6.5 Leerders mag **nie afwesig** wees sonder geldige redes nie.

6.6 Leerders moet hou by **skoolreëls,** skooldrag en skooltye.

6.7 Sou dit nodig wees om die skool vroeër te verlaat, moet die ouer/ voog die nodige verlof daartoe verleen deur die "beweging van leerder tydens amptelike skoolure"-vorm te voltooi en aan die sekretaresse te besorg. Die skoolhoof mag geen sodanige verlof toestaan nie, maar neem bloot kennis van die ouer/voog wat die kind uit die skool neem.

6.8 Die opvoeders is verantwoordelik vir die beskikbaarstelling, verduideliking en toepassing van die reëls en regulasies soos uiteengesit in die Handves vir HSH-regte.

6.9 Die opvoeders is op verskeie wyses verantwoordelik vir die monitering en rapportering van leerdervordering, aanwesigheid van leerders en leerdergedrag.

6.10 Die opvoeders moet te alle tye rolmodelle ten opsigte van gedrag, motivering, metodiek, voorbereiding en onderwystegnieke vir die leerders wees.

6.11 Die ouers verlang van opvoeders om hoë verwagtinge van hul kind(ers) te koester. Die opvoeders verwag dat die ouers en die leerders hulle hand sal sterk.

6.12 Die opvoeders is daarvoor verantwoordelik om die kommunikasiekanale met die ouers oop te hou en te versterk. Hulle moet bereid wees om die ouers persoonlik te woord te staan. Die skoolhoof of sy gedelegeerde moet altyd geken word in hierdie saak. Die grondslag van hierdie gesprek is wedersydse respek asook die bou van verhoudings en die oplos van probleme. Alle formele ouer/onderwyser en leerder/onderwyser kommunikasie moet op die leerder se profiel aangeteken word.

6.13 Die opvoeders moet duidelike en gefokuste akademiese doelwitte vir leerders hê. Individuele aandag sal, waar moontlik, aan elke leerder gegee word waar die gedrag van die leerder dit regverdig. Die personeel moet ook op hoogte wees van elke leerder se potensiaal.

6.14 Die personeel is verantwoordelik vir 'n doeltreffende leeromgewing.

7 REëLS OM DIE BESKERMING VAN FASILITEITE EN LEERDERS TE WAARBORG

7.1 Leerders moet daarna streef om proaktiewe, onafhanklike, kritiese, gedissiplineerde en kreatiewe denkers te wees.

7.2 Leerders moet daarna streef om die skool effektief/optimaal te laat funksioneer.

7.3 Leerders moet die **proses van leer aktief ondersteun.**

7.4 Leerders **mag nooit die lewens van ander in gevaar stel nie.**

7.5 Leerders moet die skool se eiendom(geboue, meubels, toerusting, handboeke, voertuie) oppas en respekteer.

7.6 Leerders moet die skoolomgewing skoon en netjies hou.

7.7 **Leerders moet beskerm word teen verslawende middels.**

7.8 Leerders moet al die **veiligheids- en** sekuriteitsmaatreëls, wat by die skool getref word om lewens en eiendom te **beskerm, nakom.**

7.9 Leerders mag nie 'n lid van 'n bende wees en/of aan bendebedrywighede deelneem nie.

7.10 Geen leerder mag aan betogings/stakings/optogte wat die akademiese/ administratiewe/buitemuurse program/funksionering van die skool raak/ontwrig, deelneem nie (uitgesonderd opvoedkundige aksies in gemeenskapsbelang soos deur die WKOD of Beheerliggaam afgekondig).

8 DISSIPLINêRE MAATREëLS

8.1 Dissiplinêre stappe sal gedoen word teen enige leerder wat hierdie gedragskode oortree.

8.2 Dissiplinêre stappe sal ooreenstem met:

8.2.1 Seksie 8, 9 en 10 van die SA Skolewet van 1996.

8.2.2 Regulasies met betrekking tot die Gedragskode en skorsing en uitsetting van leerders in 'n Staatskool soos bepaal deur die Lid van die Uitvoerende Raad. (Sien Prov. Koerant nr. 5190 van 31 Oktober 1997 & Omsendbrief 77/98 WKOD)

8.2.3 Definisie van wat ernstige wangedrag behels, soos bepaal deur die Lid van die Uitvoerende Raad. (Sien 8.2.2)

9 DISSIPLINêRE OPTREDE

Onaanvaarbare gedrag word gedefinieer in hierdie dokument as Graad 1-, Graad 2- of Graad 3-oortredings. Vinnige en doeltreffende dissiplinêre optredes moet geneem word om hierdie oortredings reg te stel.

Wanneer dissiplinêre optrede nodig is, sal Hoërskool Heidelberg daarna streef om 'n hoë standaard te handhaaf, om konstruktief in benadering te wees en om te fokus op positiewe gedragsveranderinge. Die onderbreking van die normale skoolprogram sal beperk word. Die ouderdom en volwassenheid van die leerder sal die dissiplinêre optrede bepaal. Al bogenoemde faktore moet in ag geneem word wanneer korrektiewe optrede beoog word.

Die volgende is voorbeelde van strafmaatreëls wat gebruik kan word. Daar kan ook gebruik gemaak word van strafmaatreëls waarna later verwys word.

9.1 Gesprek

'n Dissiplinêre gesprek sluit onder andere die leerder, opvoeder, skoolhoof en die ouer in. ('n Lid van die Beheerliggaam kan ook teenwoordig wees) Die erns van die oortreding sal bepaal wie almal teenwoordig sal wees. Die doel van die gesprek is om uitsluitsel te gee oor die aard en erns van die leerder se oortreding en om dan gesamentlik 'n strategie te ontwikkel om die leerder se gedrag in die toekoms te monitor. Die gevolge van 'n herhaling van die oortreding moet vir die leerder sowel as die ouer uitgespel word.

9.2 Onttrekking

Onttrekking is die tydelike verwydering van die leerder vanuit die leerstudie/klaskamer na 'n ander plek van toesig in die skool. Die leerder is self verantwoordelik om die werk in te haal. Punte vir die klastoetse, ens. kan verbeur word.

9.3 Skorsing

Dit behels die skorsing van leerders vir 'n tydperk van nie langer as sewe dae nie. Indien 'n leerder geskors is, moet hy/sy op datum bly met skoolwerk, en hy/sy word onder geen omstandighede toegelaat om aan ko-kurrikulêre aktiwiteite deel te neem nie. Die leerder kan ook punte verbeur. Indien dit skorsing is met die oog op uitsetting, moet daar in hierdie tyd onverwyld met die ouers geskakel word. Die ouers moet ook skriftelik van die oortreding verwittig word en die geleentheid gebied word om te appelleer teen uitsetting.

9.4 **Uitsetting**

Behels die permanente verwydering van die leerder uit 'n betrokke skool. Dit word altyd voorafgegaan deur 'n tydperk van skorsing. Dit geskied slegs wanneer die oortreding van so 'n aard is dat die verdere teenwoordigheid van die leerder by die skool nie in belang van die skool en ander leerders is nie.

9.5 **Onthouding van Voorregte**

Sekere voorregte soos deelname aan die skool se buitemuurse program kan van 'n leerder weerhou word indien hy/sy 'n ernstige oortreding begaan het. (Bv. Leerder mag nie skoolsport beoefen nie, of enige funksie bywoon wat deur die skool aangebied word of waarmee die skool geassosieer word nie.)

9.6 **Verbeuring of terugtrekking van amp**

Indien 'n leerder, in die jaar wat die verkiesing van 'n amp/ampte voorafgaan, aan 'n graad 3-oortreding skuldig bevind word, kan hy of sy die voorreg verbeur om verkiesbaar te wees vir sodanige amp/ampte. In die geval waar 'n leerder reeds so 'n amp beklee, kan sodanige amp teruggetrek word. Die Beheerliggaam sal die finale besluit neem.

9.7 **Individuele Gesprek**

Die waarde van 'n individuele gesprek met die leerder moet nie onderskat word nie. Leerders moet individueel gekonfronteer word.

9.8 **Getuigskrif**

Graad 12-leerders mag ook die voorreg van 'n getuigskrif ontneem word.

9.9 **Penalisasie**

As 'n leerder nie 'n projek inhandig op 'n ooreengekome datum nie, verloor hy/sy punte soos volg: 1 skooldag laat - 5% van volpunt van betrokke projek
2 skooldae laat - 10% van volpunt van betrokke projek
3 skooldae laat - 15% van volpunt van betrokke projek
Meer as 3 skooldae laat – 0 punte en gee skriftelik kennis aan ouerhuis.
Oneerlikheid(bv. Afgeskryf, plagiaat) – 0 punte

As 'n leerder weier om 'n bepaalde opdrag vir evaluering uit te voer, kry hy/sy nul. Spesiale of uitsonderlike gevalle sal deur die skoolhoof individueel hanteer word.

9.10 **Stuur Huis toe/Isoleer**

As 'n oortreding ernstig is en die hoof wil dit met die ouers bespreek, kan hy die leerder huis toe stuur totdat die oers 'n afspraak kan maak of hy/sy word geïsoleer vir die res van die tyd totdat die ouers die hoof kan kom spreek.

9.11 **Detensie**

Vir Graad 1A- en 1B-oortedings. Wanneer 'n leerder drie akademiese kennisgewings en/of drie dissiplinêre kennisgewings (geel kaarte) in 'n spesifieke kwartaal ontvang het, word hy/sy op detensie geplaas. Bywoning van detensie is verpligtend. Verskoning vir uitstel van detensie sal slegs na goedkeuring deur dissiplinêre hoofde toegestaan word.

Tydens detensie moet die leerder die eerste 45 minute doodstil sit, en die tweede 45 minute kry die leerder 'n oopboek toets oor die gedragskode.

Dag: Vrydae
Tye : 14:00 - 15:30

9.12 Eksamentye: 13:00 – 14:30

9.13 **Koshuis**

Die Gedragskode soos opgestel vir Hoërskool Heidelberg is net so geldig vir leerders wat tuisgaan in die koshuis of besoekers aan die koshuis. Leerders moet verder ook die huishoudelike koshuisreëls nakom. Oortredings in die koshuis sal deur die Superintendent en die Koshuiskomitee hanteer word. In die geval van 'n graad 3-oortreding, sal dit direk na die Beheerliggaam verwys word.

10 OORTREDINGS

10.1.1 Graad 1

1A – Akademiese oortredings

10.1.1.1 Tuiswerk ontbreek/nie gedoen nie
10.1.1.2 Boeke/leermateriaal by die huis vergeet
10.1.1.3 Tuiswerkopdragte nie volgens voorskrifte nie
10.1.1.4 Verbeteringe nie gedoen nie/onvoltooid
10.1.1.5 Werk is baie slordig
10.1.1.6 Boeke nie oorgetrek nie
10.1.1.7 Agterstallige werk na afwesigheid nog nie ingehaal/voltooi nie
10.1.1.8 Toets/toetsboeke nie geteken nie

1B – Lasoortredings

10.1.1.9 Die nie-nakoming van voorskrifte oor persoonlike voorkoms en kleredrag.
10.1.1.10 Slordigheid – voorkoms
10.1.1.11 Tuiswerk afgeskryf
10.1.1.12 Laatkom by skool
10.1.1.13 Steurnis in die klaskamer/saal/eksamens
10.1.1.14 Nie nakoming van opdragte
10.1.1.15 Arrogansie/onbeskofte houding teenoor gesag
10.1.1.16 Laat vir klas weens draai tussen lesure
10.1.1.17 Rommelstrooi
10.1.1.18 Leerder in klaskamer tydens pouse
10.1.1.19 Afwesig uit klaskamer sonder toestemming (stokkiesdraai)
10.1.1.20 Versuim om verskoning aan te bied vir afwesigheid by efeninge/vergaderings
10.1.1.21 Etery in klaskamer
10.1.1.22 Ongemagtigde tas in gang/klaskamer
10.1.1.23 Onbetaamlike fisiese kontak, bv. hande vashou, omhelsing, liefkosings op enige plek waar skool verteenwoordig word.
10.1.1.24 Gebrek aan respek vir die VRL en hul gesag in hul toepassing van die skoolreëls en **ordereëlings** soos van tyd tot tyd deur die skoolhoof afgekondig.
10.1.1.25 Nie nakom van:
- 10.1.1.25.1 algemene skoolreëls
- 10.1.1.25.2 ordereëlings(soos vervat die “basics van klasreëls”)
- 10.1.1.25.3 klaskamerverwante regte van leerders
- 10.1.1.25.4 klaskamerverwante regte van onderwysers

OPTREDE: ***Waarskuwing(GEEL KAART) – aangeteken op kennisgewingbriefie. Hoogstens drie GEEL KAARTE per kwartaal – daarna detensie.***

10.1.2 **Graad 2 - Ernstige oortredings**

2A-Oortredings

10.1.2.1 Herhaling van 'n Graad 1-oortreding in dieselfde lesuur nadat 'n waarskuwing (GEEL KAART) gegee is.

10.1.2.2 **Weier** om geel kaart te teken(leerder argumenteer/redeneer met onderwyser omdat 'n geel/wit kaart op hom/haar bestel is) i.p.v. die grieweprosedure te volg.

10.1.2.3 **Vloektaal, skeltaal, rassistiese opmerkings, teëpratery, beledigings.**

OPTREDE: ***Geen waarskuwing(ROOI KAART) – word uit onderrigsituasie onttrek en na skoolhoof geneem vir hantering volgens die protokol vir rooi kaarte.***

2B-Oortredings

10.1.2.4 Laat vir skool (2de keer in dieselfde week sonder intervensie deur ouer/voog)

10.1.2.5 Afwesig (een dag of meer) sonder verskoningsbrief/doktersertifikaat

OPTREDE: ***Leerder word huis toe gestuur om skriftelike intervensie van ouer/voog te kry en aan die skoolhoof voor te lê.***

2C-Oortredings

10.1.2.6 Besoek koshuis tydens skoolure sonder toestemming.

10.1.2.7 Verlaat die skoolterrein tydens skoolure sonder toestemming.

10.1.2.8 Verskuif meublement of toerusting sonder toestemming van die verantwoordelike opvoeder.

10.1.2.9 Beskadiging van skooleiendom(ouer en/of leerder kan ook aanspreeklik gehou word vir skadevergoeding.

10.1.2.10 Die nie-stiptelike nakoming van buitemuurse skoolbedrywighede.

10.1.2.11 **Rook** op die skool- en koshuisterrein of tydens amptelike skoolaktiwiteite of **wanneer in skooldrag geklee.**

10.1.2.12 Wangedrag (voertuie) Gedrag verantwoordelik vir die ontwrigting van die ordelikheid op skoolbusse, sowel as openbare vervoermiddels.

10.1.2.13 Elektroniese toestelle **:** Ongemagtigde hantering van toerustings soos rekenaars, klankstelsel, radio's, cd-spelers, televisies, ens.

10.1.2.14 Ongemagtige bestuur van motoraangedrewe voertuie op die skoolterrein.

10.1.2.15 Gemagtigde onverskillige bestuur van 'n motoraangedrewe voertuig op die skoolterrein.

OPTREDE: ***Geen waarskuwing. Detensie.***

10.1.3 Graad 3 - Baie ernstige oortredings

10.1.3.1 **Reeds drie detensies** verrig.

10.1.3.2 **Versuim om detensie te verrig** sonder skriftelike geldige rede van ouer/ voog.

10.1.3.3 **Diefstal** of besit van gesteelde goedere.

10.1.3.4 Vervalsing van handtekening(e) op briewe, dokumentasie, boeke, rapporte.
10.1.3.5 Weerhouding van inligting rakende graad 3-oortredings.
10.1.3.6 Vandalisme.
10.1.3.7 **Aantasting** of benadeling van 'n mede-leerder se liggaamlike of geestelike welsyn, eer en waardigheid in die vorm van lyfstraf, afknouery, werkgee, **aanranding** of aksies wat indruis teen die leerder se integriteit en fisiese kontak.
10.1.3.8 Die besit, gebruik, verskaf van alkoholiese drank, dwelmmiddels of aanstootlike of pornografiese materiaal in enige formaat of vorm.
10.1.3.9 Die besit en/of hantering van **gevaarlike** wapens bv. vuurwapens, messe, swaarde, dolke, skêre, skerp voorwerpe of selfvervaardigde wapens.
10.1.3.10 Besit en/of hantering van vuurhoutjies, sigaretaanstekers, klappers speelgoed of stowwe wat liggaamlike beserings kan veroorsaak.
10.1.3.11 Die **opsetlike beskadiging**, neem of wangebruik van eiendom wat nie aan die leerder behoort nie.
10.1.3.12 Skuldigbevinding aan kriminele oortredings.

OPTREDE: ***Geen waarskuwing. Beheerliggaam roep ouers/voogde in. Polisie kan ook volgens diskressie van Beheerliggaam se Dissiplinêre komitee ontbied word. Graad 3-oortredings word deur die volle Beheerliggaam aangehoor volgens Omsendbrief 77/98. Die Beheerliggaam kan enige sanksie of kombinasie van sanksies toepas soos in 9.1 – 9.12 van hierdie gedragskode vervat.***

10.1.4 Aanmeldbare strafregtelike oortredings

10.1.4.1 Brandstigting
10.1.4.2 Seksuele teistering
10.1.4.3 Molestering
10.1.4.4 Aanranding
10.1.4.5 Bomdreigemente
10.1.4.6 Verkragting
10.1.4.7 Moord

OPTREDE: Suid-Afrikaanse Polisiediens word ontbied om die saak te hanteer.

10.2 **PROSEDURE T.O.V. TUGMAATREËLS**

10.2.1 ***Dissiplinêre kennisgewings(GEEL KAARTE)***

- Onderwyser gee aan leerder 'n geel kaart vir 'n graad 1A- en/of 1B-oortreding om te voltooi en te onderteken. Die ondertekening deur die leerder is bloot dat hy/sy kennis neem dat hy/sy 'n strafbare oortreding begaan het.
- Die leerder moet ten alle tye t.w.v. goeie orde en gesagserkenning, die geel kaart teken op die oomblik wanneer die onderwyser die geel kaart op hom/haar bestel.
- Sou die leerder die geel kaart wil betwis, word die grieweprosedure gevolg.

- Grieweprosedure:
  Na afloop van die lesuur/pouse/na skool, gaan spreek die leerder die onderwyser(dit kan ook skriftelik gedoen word).
  Met die nuwe inligting/perspektief kan die onderwyser die geel kaart ongeldig maak of besluit om die sanksie te handhaaf.
  Sou die leerder nog steeds met die onderwyser se beslissing gegrief voel, kan die leerder die skoolhoof per afspraak besoek om die saak te besleg. Sou die leerder hom/haar op die skoolhoof beroep, moet die afspraak insake die insident binne twee skooldae, nadat die geel kaart op hom/haar bestel is, gemaak word.
- Onderwysers gee elke dag se geel kaarte dieselfde dag by die sekretaresse in (alfabetiese volgorde – nie in graadverband nie).
- Sekretaresse plaas die geel kaart kennisgewings op leerders se lêers. Sodra sy merk dat 'n leerder drie geel kaarte ontvang het, voltooi sy vir daardie leerder 'n Skooldiensvorm.
- Sy doen dit gewoonlik Maandae en gee dan die vorms Dinsdagoggend vir Hoofde: Dissipline. Laasgenoemde besluit elke Dinsdag watter leerders skooldiens moet doen (die Skoolhoof kan in sekere gevalle gekonsulteer word). Die pak vorms word dan alfabeties en in graadverband in 'n skooldienslêer geplaas sodat die sekretaresse kopieë kan maak. Die kopieë word dan Woensdae voor 2de pouse aan die Hoofde: Dissipline gegee sodat laasgenoemde dit Woensdae na 2de pouse by die rye aan die betrokke leerders kan uitdeel.
- Die betrokke leerders neem hul kopie huis toe vir hul ouers se kennisname en handtekening en lewer dit Donderdagoggende voor/tydens die administratiewe periode by die sekretaresse in. Elke getekende afskrif word bo-op die oorspronklike gekram. Indien die leerder versuim het om dit te laat teken of die vorm tuis vergeet het, word hy/sy van onderrig onttrek en huis toe gestuur om dit te gaan haal/laat teken.
- Hoofde: Dissipline reël die aard en plek van Detensie en gee die Detensielêer voor/tydens Vrydae se 1ste pouse aan die onderwyser op skooldiens vir daardie betrokke dag.
- Detensietoesig geskied volgens 'n rooster op Vrydae 14:00 – 15:30.
- Leerder en toesighouer teken 'n afskrif van die Detensievorm (boonste een) na afloop van die detensie; en gee Detensielêer met getekende vorms aan die Hoof: Dissipline op Vrydagoggende tydens die personeel se ordereëlingsvergadering.
- Elke voltooide Detensievorm word deur die sekretaresse op die betrokke leerders se lêer geplaas en die detensie word ook deur haar op die leerder se profiel aangeteken as bewys van intervensie.
- Dit word gebruik tydens ouerafsprake en vir gevalle waar skorsing of uitsetting ter sprake kom.

10.2.2 ***Onttrekking uit die onderrigsituasie(ROOI KAART)***

- Onderwyser toon aan leerder 'n rooi kaart en stuur leerder (vergesel van 'n VRL/ klaskaptein) na die hoof se sekretaresse se kantoor.
- Die VRL/klaskaptein meld die rooi kaart by die hoof se sekretaresse aan en keer dadelik terug klas toe.

- Die hoof se sekretaresse voltooi die leerder se besonderhede in triplikaat op die pro- forma vir rooi kaart verklaring.
- Daarna oorhandig die hoof se sekretaresse een verklaringsvorm aan die leerder en versoek hom/haar om sy/haar weergawe van die gebeure, wat tot 'n rooi kaart aanleiding gegee het, op skrif te verklaar en die verklaring te onderteken.
- 'n Tweede verklaringsvorm word deur die hoof se sekretaresse in die betrokke onderwyser se posrakkie geplaas. Die onderwyser moet dieselfde dag voor 17:00 sy/haar verklaring oor die gebeure by die skoolhoof se kantoor inlewer.
- Die derde verklaringsvorm word aan die skoolhoof gegee om hom van die rooi kaart insident bewus te maak. Dieselfde vorm word deur die skoolhoof gebruik as terug-stap-pas waarmee die leerder terug gaan klas toe.
- Nadat die leerder die verklaring afgelê het, wag hy/sy by die sekretaresse totdat die hoof aan die saak kan aandag gee.
- Die skoolhoof weeg na 17:00 die feite soos deur die twee partye verklaar teen mekaar op en beslis oor 'n verdere sanksie al dan nie.
- Indien die skoolhoof meer inligting wil bekom voordat hy oor verdere sanksies kan besluit, roep hy die leerder en onderwyser die volgende dag in, bekom meer helderheid en inligting, waarna hy besluit op verdere sanksies al dan nie.
- Grieweprosedure:

  Indien die leerder gegrief voel, dui hy/sy dit op die verklaring aan.
  Skoolhoof sal die grief aanhoor tydens die onderhoud met die leerder.
  Beide die skoolhoof en leerder kan hulle beroep op getuies.
  Sou die leerder na die skoolhoof se finale sanksie nog steeds gegrief voel, kan die leerder die appélprosedure volg.

11 REG OP WETLIKE BESKERMING EN PROSEDURE BY DISSIPLINêRE ONDERSOEKE (ERNSTIGE OORTREDINGS)

11.1 Leerders, ouers en voogde het die reg om volledig ingelig te word rakende oortredings of wangedrag van leerders en die geleentheid gebied word om te reageer op die aanklagte en/of aantygings.

11.2 Die Beheerliggaam dien as dissiplinêre komitee.

11.2.1 **Appèlraad**

Minimum van 3 lede deur voorsitter vanuit die Beheerliggaam saamgestel. 'n Persoon met wetlike agtergrond kan gekoöpteer word vir die doel.

11.3 Oortredings van leerders word ingedeel in Graad 1-, Graad 2- en Graad 3 -oortredings soos vroeër uiteengesit.

11.4 Graad 1- en 2-oortredings kan afgehandel word deur 'n departementshoof en die skoolhoof.

11.5 Graad 3-oortredings moet verwys word na die Dissiplinêre Komitee (SBL) vir aanhoring en strafoplegging by skuldigbevinding. Waar 'n oortreding so ernstig van aard is dat skorsing of uitsetting 'n moontlikheid is, moet dit hanteer word ooreenkomstig Omsendbrief 77/98.

11.6 Wanneer 'n geval na die SBL verwys word vir aanhoring, moet die volgende prosedure gevolg word:

11.6.1 Die betrokke leerder en sy/haar ouer(s) of voog moet skriftelik in kennis gestel word van die klagte(s) wat teen die leerder ondersoek word, met vermelding van volledige besonderhede aangaande die klagte(s). Die skriftelike kennisgewing

moet voorts die datum, tyd en plek aangee van die dissiplinêre ondersoek. Dit moet vermeld dat die betrokke leerder se ouer(s) of voog teenwoordig behoort te wees om die leerder te verteenwoordig en by te staan. Voorts moet dit ten minste sewe (7) dae voor die datum van die dissiplinêre ondersoek in die kennisgewing aan die leerder en ouer(s) of voog oorhandig word of per geregistreerde pos gestuur word. As wedersyds skriftelik ooreengekom word, kan die 7(sewe) dae verkort word.

11.6.2 Die SBL wys 'n lid van die SBL aan om op te tree as aanklaer, wat die getuienis sal aanbied en geregtig sal wees om getuies te roep en/of dokumentêre getuienis voor te lê.

11.6.3 Die leerder en/of ouer(s) of voog sal geregtig wees om self te getuig, getuies te roep om namens die leerder getuienis af te lê, dokumentêre getuienis voor te lê en om enige getuie wat deur die aanklaer geroep word, te kruisvra. Die aanklaer sal op sy beurt geregtig wees om die getuienis wat geroep word, om namens die leerder te getuig, te kruisvra.

11.6.4 Na afhandeling van die getuienis kan die leerder, ouer(s) of voog en aanklaer argumente aanvoer vir vryspraak of skuldigbevinding na gelang van die geval gebaseer op die getuienis soos aangebied, waarna die bevinding van die Dissiplinêre Komitee bekend gemaak word.

11.6.5 Indien die Dissiplinêre Komitee die leerder skuldig bevind aan die klagte(s) waarvoor die leerder voor die Dissiplinêre Komitee verskyn het, sal die leerder, ouer(s) of voog geregtig wees om getuienis of inligting voor te lê ter strafversagting voordat die Dissiplinêre Komitee straf oplê.

11.6.6 Strafoplegging na skuldigbevinding en aanhoor van strafversagtende omstandighede, sal na die diskresie van die Dissiplinêre Komitee wees.

11.6.7 Die leerder en ouer(s) of voog sal geregtig wees om binne sewe (7) dae na skuldigbevinding en strafoplegging skriftelik appèl aan te teken teen die skuldigbevinding of straf, of beide, by die dagbestuur van die beheerliggaam. Indien appèl aangeteken word, word die straf opgelê tydens die dissiplinêre ondersoek, opgeskort, hangende die uitslag van die appèl.

11.6.8 Na ontvangs van 'n kennisgewing van appèl stel die Voorsitter van die Appèlraad 'n datum en tyd vir die aanhoring van die appèl vas en word die leerder, ouer(s) of voog van die die leerder, sowel as die Voorsitter van die betrokke datum en tyd verwittig, ten minste vyf (5) dae voor die datum van aanhoring van die appèl. Die Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of 'n verteenwoordiger deur die Voorsitter benoem, woon die appèl by.

11.6.9 Tydens aanhoor van die appèl word die dissiplinêre ondersoek nie weer de *novo* aangehoor nie, maar word slegs argumente vir of teen die skuldigbevinding of straf opgelê, aangehoor, van die leerder, ouer(s) of voog en Voorsitter van die Dissiplinêre Komitee of sy verteenwoordiger. Die Voorsitter van die Appèlraad sal geregtig wees om vrae ter opheldering te stel en indien versoek, nuwe getuienis volgens sy diskresie toe te laat.

11.6.10 Na aanhoring van die appél kan die Appèlraad die appél handhaaf of verwerp en/of die straf opgelê bekragtig, wysig of versag en is die bevinding van die Appèlraad finaal en bindend op die partye.

11.6.11 Niks in hierdie uiteensetting van prosedure by dissiplinêre ondersoeke kan geïnterpreteer word dat die leerder nie te enige stadium van die verrigtinge geregtig is om deur 'n regsverteenwoordiger verteenwoordig te word nie, of dat die hersieningsbevoegdheid van 'n toepaslike hof, of regte van leerders en ouers in terme van die regulasies uitgevaardig deur die Departemenshoof van die WKOD, uitgesluit of beperk word nie. Indien 'n leerder deur 'n regsverteenwoordiger verteenwoordig word, sal sodanige

regsverteenwoordiger geregtig wees om alle handelinge te verrrig wat deur die leerder, ouer(s) of voog in terme hiervan verrig mag word.

11.6.12 Notule word gehou van die verrigtinge voor die Dissiplinêre Komitee en op appèl en dit word tesame met enige dokumentêre getuienis wat aangebied is, vir 'n periode van ses (6) maande na afhandeling van die dissiplinêre ondersoek en/of appél, deur die skool in veilige bewaring gehou waarna dit vernietig mag word.

11.7 By skorsing of uitsetting geld die voorskrlfte van omsendbrief 77/98 ook ten opsigte van appél.

12 SKOOLREëLS (Huishoudelik)

- Leerders moet in alle omstandighede eerlik wees.
- Goeie maniere is nie-onderhandelbaar nie.
- Leerders van Hoërskool Heidelberg dra te alle tye die skool se beeld en missie uit.
- Hul optrede en gedrag getuig te alle tye, selfs al is hulle nie in skooldrag geklee nie, van hul trots op hulle skool. Leef die leuse "Alleen ons Beste" uit.
- Besoek nie 'n hotel of kroeg sonder toesig van leerder se ouer/voog nie.
- Kom betyds vir skool en alle skoolbedrywighede.
- Meld by die sekretaresse aan indien jy laat kom vir skool.
- Indien 'n leerder die skool tydens skoolure verlaat, moet die leerder by die sekretaresse aanmeld en deur sy ouer/voog in die register uitgeteken word.
- Doen alle tuiswerk elke dag.
- Leerders mag slegs die voorportaal van die skool besoek indien hy/sy 'n stap-briefie het/vergesel word deur 'n ouer of onderwys/laat is vir skool/noodhulp benodig/geroep word oor die interkom.

12.1 VOORKOMS VAN LEERDERS

AMPTELIKE SKOOLDRAG

<u>Graad R - Seuns en Dogters</u> (Skooldrag opsioneel)

Winter

- HSH-sporthempie
- Skoolsweetbroek en –baadjie
- Navy trui slegs onder skoolsweetpakbaadjie
- Wit sokkies
- Tekkies

Somer

- HSH-sporthempie
- Donkerblou broekie
- Skoolsweetpak(koue dae)
- Wit sokkies
- Tekkies

* Indien die leerder verkies om skooldrag te dra, moet dit volledig gedra word.

<u>Grondslagfase Seuns</u>

Winter

- Wit toeknoop hempies
- Skooldas
- Skoolsweetbroek en –baadjie
- Navy trui /HSH pullover onder die skoolsweetpakbaadjie (opsioneel)
- Grys sokkies
- Swart toerygskoene

Somer

- Wit oopnek, kortmouhempie
- Geen das
- Donkergrys kortbroek
- Lang grys sokkies met omslag
- Swart toerygskoene
- Skoolsweetpakbaadjie (opsioneel)
- HSH pullover of HSH-trui(opsioneel)

Grondslagfase Dogters

Winter

- Wit toeknoop hempie
- Skooldas
- Skoolsweetpakbroek en baadjie
- Wit of grys sokkies
- Navy trui/HSH pullover onder die Skoolsweetpakbaadjie (opsioneel)
- Swart skoene

Somer

- Wit oopnek, kortmouhempie
- Geen das
- Donkerblou skoolrok
- Wit kort sokkies
- Skoolsweetpakbaadjie (opsioneel)
- Swart skoene
- HSH pullover of HSH-trui(opsioneel)

Graad R-, 1-, 2- en 3-leerders mag kaalvoet skool toe gaan in die somer. Hulle mag ook op sportoefendae met die skool se amptelike sportdrag die skool besoek.

Laerskool Seuns

Winter

- Wit toeknoop hemp
- Skooldas
- Skoolsweetpakbaadjie
- Donkergrys langbroek met swart gordel
- Grys sokkies
- Navy trui / HSH pullover slegs onder skoolsweetpakbaadjie
- Swart skoene

Somer

- Wit oopnek, kortmou hemp
- Geen das
- Donkergrys kortbroek/ langbroek met swart gordel
- Lang grys sokkies met omslag
- Swart toerygskoene(gladde leer)
- Skoolsweetpakbaadjie (opsioneel)
- HSH pullover of HSH-trui(opsioneel)
- Swart skoene

Laerskool Dogters

Winter

- Wit toeknoop hemp
- Skooldas
- Skoolsweetpakbaadjie
- Donkergrys langbroek met grys sokkies/ skoolrok met swart kouse
- Navy trui of pullover slegs onder skoolsweetpakbaadjie
- Swart skoene

Somer

- Wit oopnek, kortmouhemp
- Geen das
- Donkerblou skoolrok (gordel opsioneel)
- Wit kort sokkies
- Skoolsweetpakbaadjie (opsioneel)
- HSH pullover of HSH-trui(opsioneel)
- Swart skoene

Slegs wit T-hemde (sonder motiewe) wat nêrens uitsteek nie, mag onder wit hemde gedra word. Laerskoolleerders wat kwalifiseer om gewone drag aan te trek sal dit op Vrydae mag doen. Hierdie reëling geld nie vir leerders wat verjaar nie. Hulle mag steeds op hul verjaarsdag gewone klere aantrek. Indien die verjaarsdag gedurende 'n vakansie of oor 'n naweek is, kan die leerder kies wanneer gewone klere aangetrek word.

Hoërskool Seuns

Winter

- Wit kraaghemp
- HSH-skooldas
- Donkergrys langbroek met swart gordel
- Grys sokkies
- Skoolbaadjie

Somer

- Wit oopnek, kortmouhemp
- Geen das
- Donkergrys langbroek met swart gordel of kortbroek
- Lang grys sokkies met omslag

- Swart toerygskoene(gladde leer)
- Navy trui of HSH pullover slegs onder baadjie

- Swart toerygskoene(gladde leer)
- Skoolbaadjie met of sonder navy trui (opsioneel)
- HSH pullover of HSH-trui(opsioneel)

Hoërskool Dogters

Winter
- Wit langmouhemp
- HSH-skooldas
- Swart skoene
- Skoolbaadjie
- Navy skoolrok met swart kouse of grys langbroek met grys kouse
- Die dra van die lyfband by die rok is opsioneel
- Navy trui of HSH pullover slegs onder baadjie

Somer
- Wit oopnek, kortmouhemp
- Skoolrok (lyfband is opsioneel)
- Skoolbaadjie(opsioneel)
- HSH pullover of HSH-trui(opsioneel)
- Wit sokkies
- Swart skoene
- Navy trui slegs onder baadjie (opsioneel)

Nuwe leerders het drie maande tyd om die korrekte kleredrag aan te skaf.

- Die persoonlike voorkoms en kleredrag van 'n leerder moet oral waar die leerder as leerder van Hoërskool Heidelberg geïdentifiseer kan word, voldoen aan die welvoeglikheidsnorme wat, volgens die mening van die skoolhoof en gedelegeerde, normaalweg aanvaar word in die gemeenskap wat deur die skool bedien word.
- Skooldrag soos neergelê, moet sonder versierings gedurende skoolure asook by buitemuurse skoolaktiwiteite gedra word, behalwe wanneer privaatdrag deur die skoolhoof gemagtig word.
- Alle kledingstukke, tasse en boeke moet duidelik gemerk word met die naam van die leerder. Onopgeëiste kledingstukke word, na aankondiging, verkoop.
- Die erekleure-, akademiese-, kultuur-, SWD- en Wes-Kaap lapelwapens van die skool mag slegs deur die leerders aan wie die spesifieke kleure toegeken is, gedra word. Die enigste ander lapelwapen wat gedra mag word is die VCSV-wapen. Laasgenoemde mag slegs gedra word deur VCSV-lede wat 80% bywoning die voorafgaande jaar gehad het.
- Leerders moet te alle tye netjies wees.

Matriektops
Die matriektops, mag na goedkeuring van die beheerliggaam, en, indien dit by die skooldrag inskakel, as deel van die algemene drag van dag 2 tot dag 9 deur die matrieks gedra word.

AMPTELIKE SPORTDRAG

Sportdae

Winter
- Volledige amptelike skoolsweetpak
- Skoolsporthemp/rugbytrui/netbaltop
- Navy broekie/netbalrompie
- Wit(sonder patrone) kort enkel sportsokkies
- Sporttekkies
- Pullover mag nie alleen gedra word nie

Somer
- Skoolsporthemp
- Navy broekie/netbalrompie
- Wit(sonder patrone) kort enkel sportsokkies
- Sporttekkies
- Pullover mag nie alleen gedra word nie

Sportdrag van onderskeie sportsoorte

- Leerders neem aan wedstryde deel in die amptelike sportdrag van die spesifieke sportsoort soos uiteengesit in die onderskeie sportbeleide.

Drag van leerders by geleenthede

- Wanneer skooldrag gedra word, moet dit die volle amptelike drag wees. Gedeeltes van die drag mag nie saam met privaatklere gedra word nie.
- Wanneer HSH saam met ander skole funksies bywoon, moet alle leerders amptelike skooldrag aantrek, tensy anders aangekondig word.
- Vir wedstryde mag skoolsweetpakke gedra word. Sportwedstryde moet in volle amptelike sportdrag gespeel word, en spelers moet volle skooldrag of 'n skoolsweetpak aanhê as hulle na en van wedstryde beweeg, tensy sportdrag geskik is om saam met die skoolbaadjie gebruik te word.
- Skoolkleurbaadjies(gr. 8 – 12) is opsioneel in die somer insluitende saalbyeenkomste. In die winter is skoolkleurbaadjies verpligtend en moet dit tydens formele saalbyeenkomste gedra word.
- Slegs amptelike erkende skoolwapentjies mag op die lapelle gedra word.
- Navy reënbaadjies mag op reëndae as deel van die skooldrag in die plek van of bo-oor die sweetpakbaadjie tot by die skool gedra word. By aankoms by die skool moet die reënbaadjie uitgetrek en in die tas of locker gebêre word.

VOORKOMS DOGTERS

- Geen grimering en/of juweliersware (behalwe EEN paar klein eenvoudige goue of silwer oorknoppies - sonder enige diamante of nagebootste gesteentes - of oorringetjies en/of horlosie) mag gedra word nie. Dit mag slegs in die oorbel gedra word. Die oorringetjies mag nie groter as 10 mm wees nie. Geen ander ringe in die neus, tong, wenkbroue, ens. is toelaatbaar nie.
- Die hare mag nie in die gesig hang nie, nie gekleur word, nie "gegel", gekartel of gegolf wees nie. Dit mag ook nie in 'n styl gesny word wat nie met die skooluniform, of volgens die mening van die skoolhoof of sy gedelegeerde, normaalweg nie aanvaar word in die gemeenskap wat deur die skool bedien word nie.
- Die hare moet vasgemaak word sodra dit langer as die rok se kraag is. 'n Maksimum van twee vlegsels of boksterte is toelaatbaar. Hare moet skoon en natuurlik wees. Geen kopdoekies en musse mag gedra word nie.
- Kuiwe mag nie die wenkbroue bedek nie.
- Geen stilleermiddels mag op hare gebruik word nie.
- Slegs donkerblou linte en swart knippies, kamme, rekkies, haarbolletjies, haarbande word toegelaat. (nie wit nie) Geen bont knippies of kamme met versierings mag gedra word nie. Knippies en rekkies mag die naaste aan die kind se natuurlike haarkleur wees.
- As verlengings in hare gesit word, moet dit dieselfde kleur as die leerder se oorspronklike haarkleur wees. Sodra verlengings langer as 30cm is, moet 'n 2de rekkie in die boksterte kom.
- Die dogters se rokke mag nie meer as 10cm bokant die knie wees as dit in 'n knielende posisie gemeet word nie.
- Meisies mag ook nie hul rokke se rompe om die lyfband plooi of omrol om dit korter te maak nie.
- Kort wit sokkies moet omgeslaan wees in die somer, nie af- of opgerol nie.
- Slegs grys sokkies of swart kouse sal by swart skoolskoene en grys langbroek aanvaarbaar wees.

- Geen naellak op vinger- of toonnaels nie. Die matriekdogters kry die vergunning om 'n maand voor die matriekafskeid hul naels te laat groei.

- Gordels saam met grys langbroeke is opsioneel. Indien dogters 'n gordel wil dra, is slegs swart gordels wat pas in die lusse van die grys broek met 'n gewone "klein" gespe aanvaarbaar.

- Indien die lyfband van die skoolrok nie gedra word nie, moet die lussies afgehaal word.

- "Tights" mag nie in die staanposisie onder die rok uitsteek nie.

VOORKOMS - SEUNS

- Hare moet **natuurlik** en skoon wees. GEEN gel en/of kleur van hare sal toegelaat word nie.

- Geen stilleermiddels mag op hare gebruik word nie.

- Die mat van die hare mag nie te dik wees nie, en moet by benadering die natuurlike kurwe van die kop volg.

- As die hare reguit gekam word, mag dit nie oor die ore hang en aan die kraag raak nie.

- Die kantbaard mag nie laer as die middelpunt van die gaatjie in die oorskulp strek nie. Leerders moet netjies geskeer skool bywoon of verteenwoordig. Dit sluit die snor en baard in.

- Indien die kuif as 'n gordyntjie gedra word, mag dit nie die wenkbroue raak nie. (Dit sluit hare wat teruggekam word, in)

- Seuns mag nie hul hare van onder af opwaarts kam nie, of dit in enige styl dra wat veroorsaak dat dit punterig van die kop wegstaan nie.

- Geen gekleurde of gebleikte hare, geen "punk" style, "steps", strepe of "Mohicans" of gejelde punte nie.

- Seuns mag nie vlegsels, haarverlengings, "dread locks", "corn rows" of "s-curls" dra nie.

- Geen strepe mag in hare ingesny word nie. - Geen "African Afros" word toegelaat nie.

- Hemp moet netjies ingesteek wees.

- Gordels: Slegs swart gordels wat pas in die lusse van die grys broek met 'n gewone "klein" gespe is aanvaarbaar.

- Slegs grys sokkies by swart skoolskoene en grys langbroeke is aanvaarbaar.

- Swart skoene met veters met 'n strik word vereis. Geen gespes op skoene word toegelaat nie.

ALGEMENE VOORKOMS SEUNS EN DOGTERS

- Geen byvoegings, wysigings of mode-afwykings wat strydig is met die amptelike skooldrag word toegelaat nie.

- Geen juweliersware soos oorbelle (behalwe vir dogters soos uiteengesit by VOORKOMS – DOGTERS), armbande, halssnoere, hangertjies, vingerhorlosies, neusringe of –knopies, tongjuwele, naeltjie- en toonringe word toegelaat nie.

Sulke items sal geskut word vir 'n tydperk van drie maande.

- Slegs 'n navy serp en/of navy handskoene is by wintersdrag toelaatbaar.
- Geen gekleurde of ander bandjies om die polse of enkels mag gedra word nie.
- Geen musse mag gedra word nie.
- Geen sigbare tatoeëermerke word toegelaat nie, geen sigbare "body piercing".
- Die dra van onnatuurlik gekleurde kontaklense is verbode.
- Vingernaels moet kort, skoon en netjies gehou word. Slegs kleurlose naellak word vir dogters toegelaat.
- By geleenthede waar leerders toegelaat word om gemaklike klere te dra(civviedae), moet die klere netjies, aanvaarbaar, prakties en in goeie smaak wees. Op civviedae geld dieselfde voorkomsreëls t.o.v. hare en die dra van juweliersware as wanneer leerders in skooldrag is.
- Uitlokkende kleredrag is ten sterkste verbode. Laasgenoemde sluit in stranddrag, styfpassende, deurskynende en ontblotende kleredrag.
- Slegs leerders wat aansoek gedoen het, die nodige bewyse voorgelê het en die nodige toestemming by die Beheerliggaam verkry het, mag om geloofs en/of kulturele redes afwyk van enige van hierdie skooldrag en voorkomsreëls.
- 'n Hattie spreek nie ander mense aan met hande in broeksakke nie.
- Skoene moet skoon en kouse opgetrek wees.
- Skooltruie mag nie verrek en/of uitgepluis word nie.
- Geen skooldrag, of dele daarvan, mag tesame met privaatdrag gedra word nie (ook na skoolure).
- T-hemde wat só onder die skoolhemp gedra word dat dit bo die skoolhemp se kraag of by die hals uitsteek, is ontoelaatbaar.

12.2 GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

12.2.1 **Voor skool**

- Tydens gure weer, mag die leerders in die gange wees.
- Geen beskadiging van 'n ander se eiendom word geduld nie.
- Leerders moet skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon.

12.2.2 **Tydens skool**

- 'n Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof of gemagtigde/ gedelegeerde se verlof uit 'n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie. In 'n geval van afwesigheid moet die ouers 'n rede per brief aan die skoolhoof verstrek. Met siekte moet daar verkieslik 'n mediese sertifikaat ingedien word.

Indien 'n leerder meer as drie dae weens siekte afwesig was, moet 'n mediese sertifikaat ingedien word.

- Terwyl 'n leerder onder die skool se toesig is, mag 'n medeleerder se liggaamlike welsyn nie benadeel of in gevaar gestel word nie. Leerders mag nie wapens, speelgoed of stowwe wat liggaamlike besering kan versoorsaak, in sy/haar besit hê nie.
- Geen leerder mag op die skoolterrein of in die skoolgeboue of op enige ander plek in skooluniform rook nie.
- Terwyl leerders onder die skool se toesig is, mag hulle nie dwelmmiddels of alkoholiese drank of aanstootlike leesstof of -materiaal in hulle besit hê of aan 'n ander gee nie.
- Skooleiendom, of die eiendom van iemand anders, mag nie beskadig, ontsier of besoedel word nie. Waar die skool se eiendom beskadig is, sal vergoeding van die oortreder/ouers geëis word.
- 'n Leerder mag nie sonder die skoolhoof se verlof 'n selfaangedrewe voertuig op die skoolterrein bestuur of parkeer nie.
- As 'n leerder tydens klastyd rondbeweeg, moet hy/sy 'n bewegingspas/briefie by hom/haar hê.
- Reëls geld waar leerders skooldrag aan het, maar ook as groep beweeg, bv. uitstappies al het hulle nie skooldrag aan nie.
- Leerders moet **ALLE** veiligheidsreëls in die laboratoriums, tegnologieklas, verbruikerstudieklas en die noodplan ten volle nakom.
- Die gedragskode moet in die klas vertoon word asook die strafmaatreëls.
- Die ry met rolskaatse of "rollerblades", fietse en skaatsplanke is verbode op die sportvelde, tennisbane, netbalbane, stoepe en parkeerterrein.
- Leerders mag na-ure (met die uitsondering van Sondae) sport op die skoolterrein oefen. As dit blyk 'n probleem te word, sal dit gestaak word.
- Daar moet stilte wees tydens afkondigings. Geen leerder loop uit die klas voordat die klok nie gelui het nie.
- As 'n leerder siek raak gedurende die dag, moet dit by die sekretaresse aangemeld word. Die ouers moet, indien moontlik, ingelig word.
- Geen ronddwaal tussen lesure nie.
- Mag nie tydens pouse of skool tussen opvoeders se voertuie speel of vertoef.
- Betree die lokaal ordelik en gaan sit in jou bank en haal jou leermateriaal uit.
- Wees gereed om met jou werk te begin.
- Geen luidrugtigheid is in die lokaal toelaatbaar nie.
- Geen etery in die klaskamer nie.
- Geen slapery in klaskamer nie.
- Lokaal moet netjies versorg word en geen rommelstrooiery nie.
- Elke lesuur moet bygewoon word.
- Verlaat die lesuur aan die einde van die periode ordelik en flink na die volgende klas.
- Wanneer die leerders die skoolterrein verlaat, moet uiters stadig en versigtig met

fietse en motorfietse op die skoolterrein gery word. Leerders word verplig om hul fietse en motorfietse op 'n voorafbepaalde terrein te parkeer.

- Geen leerder word aan die begin van die skooldag, of gedurende pouses, voor of in die personeelkamer en personeelwerkkamer toegelaat nie.
- Indien leerders onderwysers gedurende pouses wil spreek, kan hulle dit by die onderwyser se lokaal aan die begin van die pouse doen.
- Leerders word nie toegelaat om die gang voor die administratiewe blok, die voorportaal of gang na die personeelkamer as 'n deurgang te gebruik nie.
- Leerders mag die skool slegs by die syhekke betree en/of verlaat. Leerders mag nie van die hoofhek gebruik maak nie.
- Enige besering op die skoolterrein moet onmiddellik by die sekretaresse of die onderwyser op pousediens aangemeld word.

12.2.3 **Pouse**

- Hoërskoolleerders mag nie aan die Laerskool se kant wees nie, behalwe vir snoepie en met skriftelike toestemming van die skoolhoof.
- Geen Laerskoolleerders mag aan die Hoërskool se kant wees nie.
- Geen leerder mag 'n ander leerder se kos afrokkel nie.
- Geen leerder mag 'n ander fisies aanraak met die opset om te beseer nie.
- Rommelstrooiery word verbied.
- Geen leerder mag die skoolterrein verlaat sonder toestemming nie.
- Leerders mag nie sonder toestemming in lokale wees nie.
- Gedurende pouses sal leerders toegelaat word om in die Hoërskool te beweeg tot by die gang waarin die sluitkassies staan.

12.2.4 **Naskool**

- Geen apparaat of goedere van die skool mag gebruik word sonder verlof nie. Indien apparaat of goedere gebruik word, moet die uittekenregister voltooi word.
- Tref betyds reëlings indien 'n vergadering of byeenkoms na toesluittyd in die skool plaasvind.

12.2.5 ***Tasse***

- Erkende navy of swart boektasse moet gebruik word.
- T.o.v. wieletjiestasse, moet leerders wat die vergunning vir 'n wieletjies kry, n mediese sertifikaat wat die gebruik van 'n wieletjiestas versoek by die skoolhoof indien. Slegs 'n swart of navy doelgemaakte wieletjiestas (spesifiek vir boeke) moet aangekoop word. Die tas kan soggens gesleep word vanaf die huis/voertuig tot by die skool se sluitkassies. Periodes 3 tot 6 se boeke moet dan in die sluitkassie gestoor word sodat die leerder slegs met die 1ste twee periodes se boeke in die tas by die rye aantree. Tydens pouses moet die leerder weer in die sluitkassie die boeke gaan stoor van die periodes wat verstreke is en slegs die volgende twee periodes se boeke in die tas pak. Gedurende die skooldag moet die ligter tas (wat slegs twee periodes se boeke op 'n keer bevat) tydens klaswisseling met die hand gedra word. Aan die einde van die skooldag moet die leerder die sluitkassie aandoen en al die boeke in die tas plaas vir die middag se huiswerk. Die tas kan dan weer op wieletjies na die voertuig/huis

gesleep word. moet 'n sluitkassie deur die dag moet gebruik en die tas dan in skooltye in die hand dra met slegs twee periodes se boeke daarin. Sodra die skoolklok dan lui aan die einde van die dag, kan die leerders weer hul boeke by die sluitkassies gaan haal en die tas mag gebruik word weer tot by die voertuig.

- Geen plakkers/etikette mag op tasse aangebring word nie. Daar mag nie slagspreuke of name, op die tasse geskryf word of sketse daarop gemaak word nie.

- Tasse moet duidelik gemerk wees met of 'n naambordjie of 'n permanente pen.

- Hoërskoolleerders se tasse word voor skool en tydens pouses buite by die rye geplaas. Alleenlik op reëndae plaas hoërskoolleerders hulle tasse voor die klaskamer waar hulle direk na pouse/met die aanvang van die skooldag, les gaan ontvang.

- Laerskoolleerders plaas hulle tasse ten alle tye voor skool en gedurende pouse op die stoep teen die klaskamer se mure.

- Tasse mag gedurende pouse in 'n klas bly slegs waar leerders voor en na pouse in dieselfde klas onderrig gaan ontvang.

- Tydens eksamens sal leerders toegelaat word om 'n kleiner/ligter boektas(sie) te gebruik op voorwaarde dat dit navy of swart is en voldoen aan die voorskrifte t.o.v. plakkers, etikette, slagspreuke, name en sketse.

12.2.6 **Sokkies**

Die volgende reëls is opgestel om streng nagekom te word.

1. Daar sal een sokkie per kwartaal toegelaat word.

2. Die organiseerders van die sokkie moet reël vir twee opvoeders as toesighouers.

3. Die organiseerders en toesighouers is mede-verantwoordelik dat die reëls toegepas word.

4. Die saal moet skoongemaak word sodra die sokkie klaar is. Die stoele moet reggepak word soos met die organiseerder ooreengekom. Dit is die verantwoordelikheid van die organiseerders. Indien die saal nie na wense agtergelaat word nie, sal die organiseerders dit op 'n skoolmiddag kom skoonmaak.

5. Die organiseerders moet betyds reëlings tref vir die sleutel.

6. Die organiseerders moet die ligte afskakel en die saal sluit na afloop van die sokkie. Die sleutel moet die volgende skooldag by die algemene kantoor ingehandig word.

7. Enige skade aan die saal of badkamers by die saal sal van die organiseerders verhaal word indien die skuldige persoon nie geïdentifiseer word nie.

8. Die deure sal een uur na die begin van die sokkie gesluit word en slegs aan die einde van die sokkie weer oopgesluit word. Leerders wat die gebou verlaat, sal nie weer toegelaat word nie.

9. Alle sokkies sal stiptelik om 22:30 ophou gedurende die week en 23:00 gedurende die naweek. Die persone wat rondom die skool woon, moet in ag geneem word.

10. Slegs ingeskrewe leerders van die Hoërskool Heidelberg sal toegelaat word om die sokkies by te woon. Leerders van ander skole sal slegs die sokkie mag bywoon

indien vergesel van 'n ingeskrewe leerder van die Hoërskool Heidelberg. Enige ander akiwiteit wat aangebied word, mag nie bygewoon word deur leerders van ander skole nie. Gedurende skoolure mag leerders van ander skole ook nie klasse en ander aktiwiteite bywoon nie.

11. Wangedrag van enige aard moet dadelik deur die organiseerders aan die toesighoudende personeel gerapporteer word wat dit dan aan die skoolhoof moet oordra. Sulke leerders sal by toekomstige sokkies verbied word.

12.2.7 **Toetse en eksamens**

1. Oneerlikheid, afkyk, die gebruik van notas gedurende die eksamen of enige vorm van kommunikasie in die lokaal met iemand anders behalwe die opvoeders, is 'n onreëlmatigheid.

2. **PROSEDURE OM TE VOLG MET DIE HANTERING VAN ONREËLMATIGHEDE**

In die geval van assesseringsonreëlmatighede wat geïdentifiseer is terwyl die vraestel geskryf is, moet die volgende prosedure gevolg word:

2.1 Die opsiener moet die leerder se skrif verwyder en die woord " ONREËLMATIGHEID" op die buitenste voorblad, saam met die soort onreëlmatigheid en die datum, tyd en plek van die onreëlmatigheid skryf. Indien die antwoordstel nie 'n buiteblad het nie, moet die opsiener 'n los folio as voorblad gebruik. (Die los folio moet vooraan die leerder se antwoordstel met 'n krammetjie vasgeheg word)

2.2 Die woorde "Antwoordskrif gekonfiskeer op …….. om …….(tyd)" moet in vet drukletters op die buiteblad aangebring word.

2.3 Die opsiener moet beslag lê op enige ongemagtigde of inkriminerende materiaal, soos notas of enige ander voorwerp wat direk of indirek gebruik word of in besit van die leerder is en wat gebruik kon gewees het om die onreëlmatigheid te pleeg.

2.4 Sodanige materiaal moet saam met die gekonfiskeerde eksamenskrif aan die skoolhoof oorhandig word. Nóg die leerder nóg sy of haar ouer(s) of voogde het die reg om te eis dat dit terugbesorg word voordat die hele ondersoek na die onreëlmatigheid nie afgehandel is nie.

2.5 Die opsiener moet dan aan die leerder 'n nuwe antwoordskrif gee. Die antwoordskrif moet ook geëndosseer word met die woorde: "NUWE ANTWOORDSKRIF - VERVANG ONREËLMATIGE SKRIF ", met die datum en tyd van uitreiking.

2.6 Die leerder moet ingelig word dat die feit, dat hy of sy toegelaat is om met die eksamen voort te gaan, nie gesien moet word as 'n kondonering van sy of haar oortreding van eksamenregulasies nie, maar dat 'n geskrewe verslag aan die einde van die eksamen aan die hoofopsiener voorgelê sal word en dat die insident aan die Provinsiale Eksamenonreëlmatigheidskomitee (PEOK) gerapporteer sal word.

2.7 Die opsiener moet geen addisionele tyd toelaat om te kompenseer vir die tyd wat verlore geraak het tydens die opsporing en prosessering van die eksamenonreëlmatigheid nie.

2.8 Na afloop van daardie eksamen moet die opsiener onmiddellik 'n volledige

skriftelike verslag voorlê aan die hoofopsiener aangaande die onreëlmatigheid.

2.9 Die leerder moet, na voltooiing van die eksamen, met die onreëlmatigheid gekonfronteer word en die geleentheid gebied word om 'n geskrewe verklaring of reaksie op die beweerde oortreding te voorsien.

2.10 Waar die leerder weier om die vereiste geskrewe verklaring te voorsien of daarop te reageer, moet hierdie weiering deur die opsiener skriftelik in 'n verklaring bevestig word. Die leerder moet die skriftelike verklaring van die opsiener onderteken.

2.11 Indien die leerder weier om te voldoen aan die subartikel 2.10, moet 'n ander opsiener wat aan die eksamensentrum verbonde is 'n geskrewe verklaring voorsien ter bevestiging van die weiering van die leerder om 'n geskrewe verklaring te doen.

3. Geen geselsery word in die lokaal toegelaat nie.

4. Leerders moet hul sitplekke behou.

5. Gedurende die eksamen mag geen notas of enige boeke in die bank gehou word nie.

6. Tydens die uitdeel van vraestelle moet die banke oopgehou word.

7. Leerders plaas hulle tasse aan die regterkant van die bank, (behalwe diegene wat teen die muur sit).

8. Elke leerder is self verantwoordelik vir sy of haar spelde of krammetjies.

9. Die inhandiging van antwoordstelle geskied volgens vakke en graad in ryvolgorde.

10. Die uitstap van leerders geskied in rye. Helfte maak gebruik van die deur aan die straat se kant en die ander helfte gebruik die deur aan die skoolkant.

11. Die verantwoordelike opvoeder vir elke vak moet aan die einde teenwoordig wees by die opneem van die antwoordstelle.

12. Die antwoordstelle word tydens die opneem van links na regs op die tafel neergesit in die volgorde van: **Vraestel**; **Antwoordstel; Eksamenboek**.

13. Wanneer antwoordstelle ingeneem word, beweeg die leerders met hul skrifte na na vore, gee dit by die opsiener se tafel in en beweeg stil terug na sy/haar sitplek.

14. Geen opvoeder sal in die saal werk aan leerders verduidelik nie. Dit kan pouses of na skool gedoen word, maar nie terwyl die leerders nog in die saal behoort te wees nie.

12.2.8 ***MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE:***

1. Geen leerder mag 'n motorvoertuig of motorfiets op die eiendom wat deur die skool geokkupeer word bring nie, tensy hy/sy beskik oor die voorafverkreë skriftelike toestemming van die prinsipaal of ander personeellid deur die prinsipaal genomineer en tensy hy/sy stiptelik voldoen aan enige voorwaardes waaraan die gemelde toestemming onderhewig mag wees. Indien 'n leerder nie in besit is van sodanige toestemming wanneer hy/sy deur enige lid van die personeel, beheerliggaam of leerderraad versoek word om dit te toon nie, sal

dit geag word dat hy/sy nie oor sodanige toestemming beskik nie totdat hy/sy die teendeel kan bewys. (Graad 2C -oortreding)

2. Die bestuur van 'n motorvoertuig of motorfiets deur 'n leerder, met voorafgekreë skriftelike toestemming, op so 'n wyse dat dit 'n risiko of moontlike nadeel inhou vir ander leerders op die skoolterrein of ander leerders en lede van die publiek in die onmiddellike omgewing van die skoolterrein, word ten strengste verbied. (Graad 2C -oortreding)

12.2.9 **Algemeen**

- Geen omsendbrief, kennisgewing, pamflet of plakkaat mag op die skoolterrein versprei word of op die kennisgewingborde of enige ander plek in die gebou of terrrein aangebring word, sonder die verlof van die skoolhoof of gevolmagtigde nie.
- Leerders moet die Raad van Leerders en klasleiers gehoorsaam en met die nodige agting teenoor hulle optree.
- Leerders is onderworpe aan die skool se interne skoolreëls soos deur die Beheerliggaam goedgekeur. Straf vir oortreding van reëls sal ooreenkomstig die regulasies toegepas word.
- Persoonlike netheid, voorkoms en gedrag van leerder moet te alle tye die skool se leuse uitdra.
- Leerders moet die geloof, taal en kultuur, asook die menswaardigheid van ander respekteer.
- Geen leerder mag 'n klas ontwrig ten koste van sy medeleerders nie.
- Leerders moet die huishoudelike reëls van die skool nakom.
- Leerders aanvaar die gedragskode en missie van die skool.
- Leerders moet hulle by die skool se gesag/strafprosedure neerlê.
- Leerders moet die gesag van onderwysers en die van die verkose verteenwoordigende raad aanvaar.
- Skuldigbevinding van 'n leerder aan 'n kriminele oortreding sal as sodanig in die skool gehandhaaf word.
- Leerders moet in die eerste plek respek vir hul eie eiendom betoon.
- Die neem van klere, tasse, horlosies of enige ander eiendom wat nie aan 'n leerder self behoort nie, word as diefstal beskou en sal dienooreenkomstig gestraf word. Die skool behou die reg voor om die polisie in te roep indien nodig.
- Vandalisme van enige aard is onwettig. Dit sluit in die uitkerf van woorde of tekens op skooleiendom.
- Beskadiging van eiendom van die skool of eiendom op die skoolperseel, sal tot gevolg hê dat die betrokke oortreder (leerder) en sy ouers/voog vir skadevergoeding verantwoordelik gehou sal word.

12.3 DEELNAME AAN SKOOLPROGRAM

12.3.1 Alle leerders moet deelneem aan die opvoedingsprogramme soos deur die Onderwysdepartement voorgeskryf, tensy vrystelling deur die Onderwys-departement aan 'n spesifieke leerder verleen is. Alle leerders moet dus aan die

volle program van die leerarea Lewensoriëntering(LO) deelneem wat 'n liggaamlike oefening komponent insluit.

12.3.2 Wanneer 'n leerder hom/haar vrywillig by 'n buitemuurse skoolaktiwiteit aangesluit het, moet alle verpligtinge en verantwoordelikhede in verband daarmee stiptelik nagekom word, tensy hy/sy deur die skoolhoof daarvan vrygestel word.

12.3.3 Leerders mag geen fasiliteite en toerusting van die skool, met inbegrip van die vir sport, buite skooltyd, sonder die instruksie en toesig van die betrokke onderwyser gebruik nie. Leerders mag nie na skool doelloos by die skool ronddwaal nie. Leerders moet betyds vir oefeninge opdaag, maar nie onnodig lank voor die tyd nie. Vir almal se veiligheid, mag leerders wat die skool verlaat het, leerders van ander skole, ouers/voogde en ander vreemdelinge geensins middae/saans by oefeninge betrokke wees en/of inmeng by die afrigting nie.

12.3.4 Geen leerder mag minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole of die skool se kodes openbaar nie.

12.3.5 Leerders wat verskoon wil word van 'n spesifieke dag se sport/LO(liggaamlike oefeninge) moet 'n skriftelike versoek van die ouer of mediese sertifikaat voorlê.

12.3.6 Leerders word nie toegelaat om vir dorpsportspanne te speel as daar 'n soortgelyke skoolspan bestaan nie.

12.3.7 Indien 'n leerder om een of ander grondige rede nie 'n sportoefening/ kultuuroefening of ekstra-klasse kan bywoon nie, moet die leerder persoonlik vooraf by die betrokke opvoeder verskoning vra.

12.3.8 Indien 'n leerder gekies is om in 'n span te speel en hy/sy by die huis ongesteld sou raak (of 'n grondige rede het), moet die leerder so gou moontlik telefonies met die betrokke onderwyser in verbinding tree en as dit nie moontlik is nie, met enige onderwyser wat by daardie sport betrokke is.

12.3.9 Horlosies en geld kan aan die onderwyser oorhandig word wanneer sport beoefen word. Onderwyser sal nie aanspreeklik gehou word vir die verlies daarvan nie.

12.4 DEURSOEKING EN BESLAGLEGGING; BELEID EN ReëLS

12.4.1 **Deursoeking**

Indien daar 'n redelike vermoede sou bestaan om te glo dat 'n leerder enige middel of voorwerp in sy/haar besit het wat teen die wet of skoolreëls is, mag die leerder se persoon of eiendom deur 'n benoemde personeellid deursoek word. Die deursoeking moet billik en menswaardig wees ten opsigte van omvang en doelwit. Dit mag nie uitermatig wees nie en die ouderdom en geslag van die leerder, sowel as die aard van die vermoedelike oortreding, moet in ag geneem word. Dit moet geskied in teenwoordigheid van verkieslik 'n persoon van dieselfde geslag.

12.4.2 **Selfone**

Die besit en/of gebruik van selfone tydens die amptelike skoolure is verbode. Indien 'n leerder 'n selfoon na die skool moet bring, moet dit voor die aanvang van die skooldag vir veilige bewaring by die sekretaresse se kantoor ingehandig word. Aan die einde van die skooldag moet die leerder weer die selfoon by die sekretaresse kom afhaal. Indien 'n selfoon gedurende die skoolure in 'n leerder se besit gekry word, sal die selfoon by die betrokke leerder afgeneem word en vir 'n tydperk van tien skooldae in die skool se kluis bewaar word.
Indien selfone, wanneer die skool uit kom, by die kantoor vergeet word, kan

leerders dit eers die volgende skooldag kom afhaal. Geen skootrekenaars mag deur leerders na die skool gebring word nie.

12.4.3 **Sluitkassies**

Sluitkassies mag nie misbruik word nie. Benoemde personeellede het die reg om sluitkassies oop te maak en te deursoek, met of sonder die toestemming, of teenwoordigheid, van die leerder of sy/haar ouer(s). Die inhoud van sluitkassies mag nie die veiligheid, gesondheid, dissipline en die toepassing van skoolreëls bedreig nie.

Die volgende items mag nie in sluitkassies gehou word nie:

- Materiaal wat ontvlambaar is of wat 'n brandgevaar inhou (Bv. Petrol, aanstekers, ens)
- alkohol of dwelmmiddels of afhanklikheidsvormende middele (bv. Dagga, ens)
- enige voorwerp wat as 'n dodelike toestel beskou kan word nie (bv. Vuurwapens, steekwapens, dwelm-apparaat, ens)

12.5. DWELMTOETSING

12.5.1 Geskeduleerde toetse vir voorkoming.

Die skoolhoof, adjunkhoof of sy gedelegeerde sal op die tyd en datum van geselekteerde dwelmtoetsing besluit. Toetsing kan tot 2 keer 'n kwartaal gedoen word. Besonderhede rondom die dwelmtoetsprogram, sowel as die seleksieproses word streng vertroulik gehou en beperk tot 'n aantal senior personeellede, sodat leerders nie vermoedens sal kry wanneer die toetsing uitgevoer sal word nie. Indien toetsing nodig geag word, sal dit plaasvind in ooreenstemming met protokolriglyne en in die teenwoordigheid van 'n volwasse getuie. Die skool sal 'n regverdige en deursigtige metode van toevallige seleksie gebruik. Alle leerders wat toevallig gekies is vir toetsing en wat nie op die spesifieke dag aanwesig is nie, sal op die volgende beskikbare toetstyd getoets word of tydens enige datum wat deur die skoolhoof bepaal word.

12.5.2 Geteikende seleksie van leerders vir toetsing.

Indien daar enige redelike vermoede is dat 'n leerder onwettige dwelmmiddels gebruik, of indien betroubare inligting ontvang word van die gebruik van onwettige dwelmmiddels deur 'n leerder, kan sodanige leerder te eniger tyd gekies word vir 'n nie-ingrypende dwelmtoets. Redelike vermoedens sal gebasseer word op spesifieke fisiese tekens en gedrag en/of inligting ontvang.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS TEN OPSIGTE VAN DIE GEDRAGSKODE

Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders berus by hulle ouers of voogde. Daar word verwag dat alle ouers -

a) die skool sal ondersteun en van leerders sal vereis om alle skoolreëls en -regulasies na te kom en verantwoordelikheid te aanvaar vir enige wangedrag aan hulle kant, en

b) 'n lewendige belangstelling in hulle kind se skoolwerk sal toon en dit vir die kind moontlik sal maak om die tuiswerk wat aan hom/haar opgedra is, te voltooi.

Ouers moet oueraande, deur die Beheerliggaam gereël, bywoon. Presensielyste oor ouerbywoning word gehou en op die leerders se profiele onder "ouerbetrokkenheid" aangedui.

Ouers moet skoolgelde betaal sodat fisiese en akademiese geriewe wat tot leerders se voordeel strek, onderhou en verbeter kan word.

Ouers moet hulle deeglik vergewis van die oefentye en afrigters van elke sportsoort.

Hierdie gedragskode bestaande uit 25 bladsye is aanvaar en goedgekeur vir ondertekening op 'n Beheerliggaamvergadering gehou te HOëRSKOOL HEIDELBERG op

die ……. dag van …….. 20…...

	Naam en Van	Handtekening
Voorsitter:	_____	_____
Ondervoorsitter:	_____	_____
Skoolhoof:	_____	_____
Sekretaresse:	_____	_____
Opvoeder:	_____	_____
Opvoeder:	_____	_____
Ouer:	_____	_____
Ouer:	_____	_____
Ouer:	_____	_____
Ouer:	_____	_____
Ouer:	_____	_____